



LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

UIT DIE KANTOOR

"Enthusiasm is one of the most powerful engines of success." H. Jackson Brown, Jr.

Die energie wat 'n opgewonde kind uitstraal, kan nie gemeet word nie. Dit is 'n feitlike tasbare aura wat ander om hulle wonderlike beïnvloed en is positief aansteeklik.

Met 'n opgewonde, positiewe kind kan alles aangepak word en kan die kind ver bo hulle vuurmaakplek presteer.

Dit is wonderlik om die opgewondenheid in die skool en onder ons kinders deur die loop van die kwartaal te kan ervaar en nou, met die aanloop tot die konsert, bou dit net nog meer op onder die kinders en ons personeel.

Ons as ouers en personeel speel 'n baie belangrike rol om ons kinders positief en opgewonde te hou vir elke dag en vir dit wat nog kom. Die wêreld kan 'n baie negatiewe plek wees en ons moet ons kinders help met vaardighede om dit te oorbrug en hulle koppe op te hou.

Kom ons as ouers en personeel van dié wonderlike skool vol wonderlike kinders gee dit aan ons kinders as present sodat hulle droom kan waar maak.

Pieter de Bruyn



KARAKTERBOU

Ons fokus hierdie jaar op verantwoordelikheid.

Bokkies is verantwoordelik om hul eie klasse skoon te hou. Baie geluk aan die Graad 4's wat die afgelope twee weke gewys het dat hulle maar mág skoonmaak.



Klein bokkies besoek Gydosig vir Lente.



PRESTASIE

BAIE GELUK, CASSIE!

Baie geluk aan Cassie du Toit wat gekies is vir die o.12 B Boland Rugbyspan!

Cassie neem op 24 en 25 September in Stellenbosch deel aan die Interprovinciale Toernooi.

Ons is besonders trots op jou, Cassie!

Mag jy die geleentheid geniet en jou beste gee. Ons staan agter jou!

Baie geluk en sterkte!



RSD

Ons heg baie waarde daaraan om ons Bokkies se sportvaardighede te slyp. Coach André van RSD doen 'n uitstekende werk om ons jonger rugbyspelers gereed te kry vir GROOT rugby!

Dankie vir jou toewyding.



FCF o.12



WINTERSPORT HOOGTEPUNTE



Augustus - 'n aksiebelaaide sportmaand!

Dit was propvol wintersportwedstryde en weer 'n bewys dat ons net ons beste gee. Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat hul harte uitspeel en met soveel entoesiasme deelneem.

Op 25 Augustus het ons Graad 7's hul laaste netbal- en rugbywedstryd as leenders van Laerskool Koue Bokkeveld gespeel. Wat 'n besondere en emosionele mylpaal! Hierdie wedstryd het die einde van 'n belangrike hoofstuk in hul laerskooljare gemerk – een wat gevul is met sport, vriendskappe, spanwerk, oorwinnings, uitdagings en kosbare herinneringe.

Aan elke ouer wat deur die koue, wind en langs die sportveld gestaan het – baie, baie dankie! Julle ondersteuning, aanmoediging, opofferings en teenwoordigheid by elke wedstryd beteken meer as wat woorde kan sê. Dankie dat julle altyd daar is om ons leenders aan te moedig, by te staan en in hulle te glo.

Ons waardeer elkeen van julle opreg.

Aan ons Graad 7's: mag julle altyd onthou waar julle begin het, die mooi herinneringe saam met julle dra en met trots terugkyk op julle jare by Laerskool Koue Bokkeveld. Ons is ongelooflik trots op julle!



KONSERT



Vriende van ons skool, moenie hierdie geleentheid misloop nie.

KAARTJIES OP QUICKET BESIKBAAR hier




Onthou MEXICO
NA MARS
kosbestellings

16 September

17 September

AGTER DIE SKERMS...



DIEREKASKENADES

Die Graad 1's het met groot afwagting en opgewondenheid vir die klas meer oor hul troeteldiere kom vertel tydens hul eerste mondeling. Ons het ook 'n unieke besoeker gehad en die leersers kon baie nuwe kennis opdoen.



VLOOI UITSTAPPIE

Ons jaarlikse uitstappie na die Kunstekaap om vir Vlooi te gaan kyk, was weereens 'n hoogtepunt en groot lekkerte. Die stop by die Wimpy op pad terug rond hiendie jaarlikse uitstappie perfek af.



ENTREPRENEURSDAG

Die Graad 7's het hulle jaarlikse entrepreneursdag gehad op 24 Augustus. Die hele skool het gedeel in die pret! Ons is opgewonde oor elke jong entrepreneur se blink toekoms wat hul idees in aksie omskep het.



PROFESIONELE ONTWIKKELING

Ons is baie trots op die personeel van Laerskool Koue Bokkeveld wat nooit wil ophou leer nie. Almal doen moeite om hul vaardighede op te bou en te versterk.

Ons het tydens hierdie kwartaal, 2 Google opleiding sessie bygewoon. Hierdie sessies was gemik op Gemini en Gemini Notebook asook 'n Google Classroom gevorderde sessie. Ons is bevoorreg met passievolle personeel.



KLUBS

Sluit vandag nog by een van ons skool se opwindende nuwe klubs aan en ontdek 'n wêreld buite die klaskamer! Dit is die perfekte geleentheid om jou passies uit te leef en waardevolle lewensvaardighede aan te leer. Kontak die klubleiers vir meer inligting.



ASSESSERING

Sterkte vir al ons Bokkies met die kwartaalassesserings wat die week begin!

oud-BOKKIES blink uit!



Roné Lourens



Baie geluk aan twee van ons oud-leerders wat ablei as leiers verkies is vir hulle onderskeie Hoërskole en koshuise. Albei hierdie leerders speel ook al 3 jaar in hul skool se eerste tennisspan. Ons is baie trots op julle!

Kaapse Wynland tennisproewe



- 0.13 - Ben 2de / Wikus 4de
- Zoey 3de / Mia 7de
- 0.12 - Cassie 5de / Cara 1ste
- Helené - 5de / Zané - 7de
- 0.11 - Marissa 10de
- 0.10 Lindie 5de

Courtrai tennistoernooi



4 & 5 September 2026

Baie sterkte aan ons spelers vir die opkomende tennis toernooie:

Helené	Wikus
Cara	Ben
Zoey	Daniël
Zané	Frans

Kleinboys tennistoernooi

11 & 12 September 2026



Zack
Christopher
Gian
Bernhardt
Luka
Chrostopher W

Rising Star tennistoernooi

12 September 2026



Hierdie toernooi vind in Stellenbosch plaas.

Hierdie is 'n gratis TSA toernooi.

Helené	Wikus
Cara	Ben
Zoey	Daniël
Zané	Frans

LAERSKOOl KOUe BOKI



Rising Star tennistoernooi

12 September 2026



Hierdie toernooi vind in Stellenbosch plaas en is die eerste ORANJE BAL RISING STAR in Suid-Afrika en ons is deel daarvan.

Lindie	CP
Daniella	Dréton
Mheeke	NL
Kaylie	Benjamin

Kaleo opleiding

Eerste aksie vir ons ME klub dogters.

kaleo
OPLEIDING

EVENTS & ETIKET

Gasvryheid met selfvertroue

'n Praktiese en inspirerende opleiding vir jou wat graag wil leer hoe om met grasia te bedien, etiket te verstaan en gasvryheid uit te leef.

BASIESE EVENT BESTUUR

- Wat is 'n event?
- Beplanning en voorbereiding
- Spanwerk en kommunikasie
- Aandag aan detail

BEDIENING VAN ETE


- Tipes bediening
- Hoe om te skink met selfvertroue
- Netheid en professionaliteit

DEK VAN TAFEL

- Formele en informele tafel dek
- Glase en servette
- Kleur, tema en styl

ETIKET & HOUDING

- Basiese etiket
- Gasvryheid as lewenshouding



Handri Westman tennistoernooi


22 & 23 September 2026

vir 0.13's - A afdeling

Ons bakkies is baie trots om aan die Handri Westman toernooi in Ceres deel te neem.

Helené	Wikus
Cara	Ben
Zoey	Daniël
Zané	Cassie

Handri Westman is 'n oud-leerder van die Laenskool Koue Bokkeveld. Sy was ook laasjaar by ons skool se reunie.



Handri Westman tennistoernooi

23 & 24 September 2026

vir 0.11's - A afdeling

Marissa	Zack
Katryn	Christopher dT
Luah	Gian
Gabriella	Bernhardt



Baie dankie aan Juf Hanle & Juf Frieda wat ons tennisspelers vergesel na al hierdie toernooie. Dit is wonderlike ondervinding vir ons kinders.

KARAKTERKAMPIOENE

Die volgende leenders is gedurende hierdie kwartaal se saalbyeenkomste aangewys as Karakterkampioene.

GRAAD 1:

Whill van Rooyen: Gee sy beste.

N.L. v d Merwe: Hy is baie hulpvaardig in die klas.

GRAAD 2:

Joy Goliath: Sy is 'n gehoorsame leerder.

Mheekè Primo: Sy is pligsgetrou en gehoorsaam.

GRAAD 3:

Geroney Baadjies: Sy lewer 'n positiewe bydrae tot die klas.

Frederik van Schalkwyk: Hy lewer netjiese werk.

GRAAD 4:

Ishna Allies: Sy is hulpvaardig.

Gian Gagiano: Vir sy entoesiasme in die klas.

GRAAD 5:

Katryn Vrey: Sy gee haar beste en

Christopher du Toit: Hy het respek vir almal.

GRAAD 6:

Sebastiaan van Zyl: Hy is hardwerkend en hulpvaardig.

Zenith Julies: Sy is hardwerkend en vrolik.

GRAAD 7:

Jvani Plaatjies: Hy het baie goed aangepas in die skool.

Ben v d Merwe: Hy is hardwerkend.

Ons is somer super trots op julle!

Inligtingsdag 2027



Ons inligtingsdag was 'n heerlike oggend en dit was lekker om ons nuwe maats by die skool te ontvang.

Sekretaressedag



Baie dankie Tannie Zelda vir alles wat jy vir ons skool en sy leenders doen. Ons waardeer jou en hoop jy voel spesiaal op Sekretaressedag!

DANKIE TANNIE ZELDA!